



KUNSTIGE KUSSINGTOOISEL

BENODIGDHEDE: Ongeveer 1 bol Coats Chain Mercer Nr. 5 (50-g-bolle); hekelpen van 2,5 mm.

MATE: Ongeveer 25 x 25 cm.

AFKORTINGS: Ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek (steke); sp(s) – spasië(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 90 ks; plaas 1elb in 9e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg nou diagram en volg dit tot laaste ry op diagram voltooi is, draai, maar moenie die gare afknip nie.

OMRANDING (word in rondtes gehekel).

1e rondte: *1Kb in vlg lb, 2kb in vlg sp; herh rondom.

2e rondte: *1Lb in kb, 2ks, slaan 2kb oor, 1lb in vlg kb; herh rondom.

3e rondte: *1Kb in lb, 5ks, (1kb, 7ks, 1kb) in vlg lb; herh rondom.

4e rondte: *5Kb in 5ks-sp, 7kb in 7ks-sp; herh rondom.

Knip gare af en werk netjies af.

DIAGRAM

SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ = spasie
x = blokkie

